# Psalm 8 **WAT IS DIE MENS?**

VOORAF: Ps 8 is die eerste lofpsalm in Psalmbundel.

BAIE MOONTLIKE ANTWOORDE

Wat is die mens? Lees ons wat in koerante en tydskrifte staan, sal ons antwoorde wissel van:

- ‘n Dier, ‘n onbeskofte buffel; ‘n skurk, ‘n verkragter en moordenaar. Die mens is ‘n skelm, gewetenloos en gevoelloos.
- Die mens is ‘n held, superster, idol; briljant, ‘n genie wat fantasties presteer.
- Die mens is broos, verganklik; feilbaar, het voete van klei, is dom.
- Die mens is ‘n helper, beskermer, vertrooster.
- Hy is ‘n masjien – so gemaak en so laat staan.

So kan baie, soms weersprekende antwoorde gegee word op die vraag wat die mens is. Wie slaan die bal mis en wie slaan die spyker op sy kop? Ons kan seker sê almal het iets van die waarheid beet. Daar is nie ‘n eenvoudige antwoord nie. Die mens is nie eenvoudig nie. Vra maar vir Augustinus *(“Ek het vir myself tot raaisel geword.”)*; Pascal *(“Wat ‘n nuutheid, wat ‘n monster, wat ‘n chaos vol teenstrydighede, wat ‘n merkwaardige produk!”)* Martin Luther King (skryf in 1959) *'Although there is widespread agreement in asking the question, there is fantastic disagreement in answering it'. There are some people, he continues, that believe 'man is little more than an animal' and there are those 'who would lift man almost to the position of a* *<u>God</u>'. There are then those who would 'combine the truths of both' and see 'man a strange dualism, something of a dichotomy' and quotes 'there are depths in man that go down to the lowest hell, and heights that reach the highest heaven'*
Hierdie dualisme geld ook nog van christene. Calvyn het gesê ‘n christen is tegelyk regverdig en sondaar – *simul iustus et peccator*.

Maar kom ons luister vandag na wat Dawid sê wat die mens is (:5).

DAWID SE VERWONDERING

Die psalm begin en eindig met dieselfde woorde: *“Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!”* Die **grondtoon** van hierdie psalm is verwondering.
Dit is vandag ‘n **Biddag vir die bediening aan die Jode** en nou is dit interessant dat die gelowige Jode sê hulle lees die Bybel, nie om in die eerste plek meer oor God te wete te kom nie, maar om voor God in ontsag en verwondering te staan *(“to stand in awe before God”).*

Calvyn sê in sy kommentaar op Genesis daar is twee soorte mense wat sleg sien. DIE wat die skepping bemin sonder om hulle oor die God van alle lewe te verwonder, en DIE wat God wil bemin sonder om hulle oor die skepping te verwonder.
So verwonder Dawid hom ook opnuut oor God se **skeppingswerk**, veral in die hemelruim. ‘n Mens kan jou voorstel hoe helder die sterre snags moes geskyn het waar Dawid in die veld die skape opgepas het.
Ons mense raak vandag baie opgewonde oor een ou satellietjie wat ons in die hemelruim kon plaas. Nou, ek is as Suid-Afrikaner ook baie trots daarop dat ons dit ook onlangs kon regkry met die Russe se hulp, maar wat is dit nou in vergelyking met al die sterre en planete wat God daar gestel het?!
Maar waaroor Dawid hom nog verder verwonder, is dat hierdie wonderlike God hom met die mens bemoei, selfs ‘n verhouding met die mens begeer! Die twee Hebreeuse woorde wat hy vir “mens” en “mensekind” in vers 5 gebruik, dui onderskeidelik op die swakheid en verganklikheid van die mens. Luister hoe treffend stel Die Boodskap verse 4 en 5: *“As ek opkyk na alles wat U in die hemelruim gemaak het, al die planete, melkwegstelsels en miljoene sterre, snak ek na my asem as ek sien hoe piepklein die mens regtig is. En tog, hoeveel gee U nie om vir hierdie piepklein mensie nie! Dink net: U sorg vir hom. Hy is vir U baie belangrik.”* Ten spyte van Wie God in Sy Almag is, wil Hy nogtans 'n verhouding met sy skepsels, ons nietige mensies, hê! So hoor ons Job ook vra: *“Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra…” (7:17)*
**Is dit nie tyd dat ons ons weer ‘n slag hieroor verwonder nie?** Het ons dit nie al as te vanselfsprekend aanvaar nie? Of dalk glo ons dit nie regtig meer nie… Ek moet erken daar was al oomblikke in my eie lewe dat ek getwyfel het of die groot en magtige God Hom regtig sal steur aan my gebedjie. Ek is immers maar een ou mensie uit miljoene! Tog verseker Hy ons dat selfs ons hare almal getel is!
Vir God is elke mens belangrik. Wat Hom betref, is die mens die kroon van die skepping. Soos hier staan: Hy sit ‘n kroon op ons koppe (Jaime). God kroon die mens met aansien en eer. Hy maak ons konings wat moet heers oor sy skepping: Vers 7: *“U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp.”* Vorige vertaling is meer letterlik: *“U het alles onder sy voete gestel”*. Dink bietjie: God stel die werk van sy hande onder ons voete! Hy stel ons aan as sy verteenwoordigers. Ons is die bestuurders of **rentmeesters** van sy eiendom: die diere van die veld, die voëls in die lug, die visse in die see, alles.

ONS VERANTWOORDELIKHEID

Dit bring ons by die vraag: *Hoe dra ons die kroon wat God op ons koppe geplaas het?* Hoe behandel ons die skepping wat Hy onder ons voete gestel het? Word dit nie plek-plek deur ons vertrap nie! *"Ons erf dit nie van ons ouers nie – ons leen dit van ons kinders." ... en bestuur dit namens God!* Dit is aan God wat ons in die eerste plek verantwoordelik is vir wat ons met sy skepping aangevang het.
Hoe benader ons ons medemense wat Hy met waardigheid beklee het? Kan ons eerlik sê dat ons alle mense menswaardig behandel?

ONS ANTWOORD
Broer en suster, ons kan die vraag wat die mens is, nie anders beantwoord as om die mens soos Dawid te sien *in sy verhouding tot God* nie. Die mens kan in elk geval nie los van God bestaan nie.
Dan is die antwoord: **Die mens is maar stof –** al hou ons ons soms so grootmeneer en vernaam; al tree ons so grootdoenerig op en al is sommige so statusbewus!
Ja, die mens is *nietig*, maar nie nikswerd nie; *stof*, maar God se stof. God sal op hierdie vraag antwoord deur vir jou en my as gelowiges te sê: *"Jy is skepsel van God, verteenwoordiger en beeld van God, kind van God."* Ons is **tegelyk onbelangrik** – in onsself – maar belangrik in die oë van God. Jou en my **status en waarde** lê nie in iets in onsself nie, nee, God gee aan ons status en waarde.
Daarom is elke mens – slim of dom, oud en jonk, wit of swart - **menswaardig**. Ons het soveel waarde in God se oë dat Hy sy eie Seun gegee het sodat ons gered kan word. Daarom hoef ons nooit te twyfel aan ons eie of aan ander se menswaardigheid nie. Johannes skryf: *"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."* (1 Joh 3:1)
Met SO 'n posisie voor God, hoef ons nie **statussoekers** te wees of statussimbole na te jaag nie. Ons hoef nooit **minderwaardig** teenoor enigeen te voel nie. Psalm 8 help jou en my om alles in perspektief te plaas – God is GROOT en ons, ja, is klein, maar spesiaal, uniek. **Dit is in verhouding met God dat ons ons ware self ontdek.**

HOE WONDERLIK IS U!
**Tog gaan dit uiteindelik nie om MY nie, maar om HOM** en om aan Hom lof toe te bring. In die Vorige Vertaling was die opskrif bo die psalm *"Wat is die mens?"*. In die Nuwe Vertaling is dit: "*Lof aan die Skepper"*. DIT is waar die klem behoort te val.
*"Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!"*

Amen
4/10/2009